21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Dawid se gebed 2

## 2 Samuel 7:18-29

*Dawid se gebed hier gaan oor menslike verantwoordelikhede - veral die verantwoordelikheid wat jy het om ander te lei.*

*Onthou, in Sy genade gebruik God onvolmaakte mense om op aarde leiding te neem.*

*Leiers is mense wat besef: Ek kan dit nie sonder God doen nie. Daarom bid ek gereeld.*

*Rosalind Rinker het gesê: "Prayer is a dialogue between two persons who love each other."*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Gebed is inderdaad jou onvervangbare manier van kommunikasie met God.*

*(Bybel 24/7)*

# Dawid se gebed 2

Dawid reageer op God se belofte van 'n koningkrykmet 'n modelgebed waarin elemente van danksegging (v18-21) gebruik word vir God se huidige genade. Waar bewys God vandag genade aan jou?

Die gebed bied ook lof vir God se genadige bedrywighede in die verlede (v22-24). Hoe was God al in jou verlede aan die werk?

Dawid se gebed eindig met 'n versoeknota vir die vervulling van God se genadige beloftes in die toekoms. Watse hoop vir die toekoms koester jy?